*   *

DR. A. E. LOEN, *Inleiding tot de Wijsbegeerte*, 3e druk, Boekencentrum N.V., 's-Gravenhage, 1955, 191 pp.

Hierdie werk is so bekend dat dit nie nodig is om dit weereens te bespreek nie. Ons wil dit alleen weer aankondig en aanbeveel.

Loen is 'n wysgeer met 'n eie standpunt waarvan hy baie sterk oortuig is. Hierdie standpunt is merkbaar dwarsdeur sy werk. Dit is egter nie van so 'n aard dat dit die student belemmer om 'n deeglike inleiding in die wysbegeerte te kry nie. Maar dit is genoeg om van hierdie boek nie die maklikste inleiding wat daar bestaan, te maak nie. Studente wat reeds iets van wysbegeerte weet, kan met groot vrug hierdie werk ter hand neem.

S. P. DREYER.